



RTS - REFORMATORISCH-
THEOLOGISCHES SEMINAR
HEIDELBERG
RIEDWIESENWEG 10
69181 LEIMEN
DEUTSCHLAND | GERMANY

28 DESEMBER 2022

Loof die HERE, die magtige Erekening

Psalm 103,1; 24,7

Beste broers en susters, vriende van die RTS, ondersteuners van die sendingwerk in Duitsland

In Desember hoor 'n mens in Duitsland gereeld die lied, *Loof die HERE, die magtige Erekening*, oor die radio. Dis 'n bekende Duitse lied, gedeeltelik gebaseer op Psalm 103 en 24, deur Joachim Neander (1650 – 1680) uit sy bundel, *Verbondsliedere en Dankpsalms* (1680). Veral Bach se Kantate, BWV 137 uit 1725 het daartoe bygedra dat hierdie lied so alombekend by Duitse Protestante is.

Die inhoud van die lied is 'n baie welkome korreksie van die oppervlakkige gees van spandabelrigheid hierdie tyd van die jaar, onder die skyn van romantiese prentjies van 'n babatjie in 'n krip, omring deur donkies, skapies en skaapwagters ...


Die HERE van Psalm 103, die Erekening van Psalm 24 oor Wie gesing word in *Loof die HERE, die magtige Erekening*, is immers die Seun van God wat sowat 2000 jaar gelede mens geword het. Die Christene van die eerste eeu het dit geweet (Cullmann) en in aansluiting aan die *Vroeë Kerk* getuig die Reformasie en ons daarmee saam:

... Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe (Nederlandse Geloofsbelijdenis, art. 19).

Oor hierdie Christus as die Seun van God, as ware God, moet dit altyd gaan – ook en juis in die tye soos Kers- en Nuwejaarstyd – Hom moet ons verkondig,

“... niks anders ... nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde” (1. Kor. 2,2).

Hierdie belydenis bring die strewe van die RTS Heidelberg tot uitdrukking, naamlik die opleiding van predikante (bedienaars van die Woord) en sendelinge vir die opbou van die kerk van Jesus Christus. Met hierdie roepingstaak wil die RTS Heidelberg 'n bydrae tot die vernuwning en uitbreiding van Christus se kerk lewer.



By die oorgang van een jaar na 'n nuwe kan ons dankbaar terugkyk en ons blik hoopvol op die toekoms rig. Danksy oorfloedige seën van die Here was daar mooi vordering in die opleiding aan en verdere groei van die Teologiese Skool. Daar was wel nog sekere beperkinge as gevolg van Covid-19 maar die klasse kon voortgaan – weereens sowel met persoonlike asook aanlyn-onderrig.

Ná sy fundamentele kursus, *Reformatoriese en moderne teologie – 'n inleiding* (aan die einde van die vorige wintersemester) kon dr. Bernhard Kaiser in die somersemester daarop voortbou met 'n omvattende kursus oor die metode van die dogmatiek. Die RTS-studente kon met groot vrug deel in die dekadellange ervaring van dr. Kaiser aan verskillende fakulteite en institute, onder meer aan die leerstoel van die gereformeerde *Fakulteit vir Teologie* van die *János-Selye-Universiteit* in Komárno, Slowakye. Die praktiese toepassing van die beginsels van Homiletiek (preekmaakkunde) wat tydens 'n kursus vir senior studente aangebied is met die klem op die mondelinge prediking (o.a. ook met prof. dr. Hans Maris en ds. Sebastian Heck as addisionele mentors) het geblyk baie waardevol te wees. Hierdie stap was belangrik vir die verdere opleiding van predikers. Ongelukkig moes 'n beplande kursus in Nuwe Testament Eksegese wat deur dr. Martin Emmrich, OPC-predikant in die VSA, aangebied sou word, gekanselleer word weens 'n motorongeluk waarin dr. Emmrich was.

Die noodsaaklike werk aan die RTS Heidelberg geskied nie in 'n lugleegte nie. Dit noop ons des te meer tot dankbaarheid vir die vrugbare besoek wat aan die begin van die jaar aan die CRTS (*Canadian Reformed Theological Seminary*) in Hamilton, Kanada, afgelê kon word, afgesluit deur 'n gemeenskaplike vergadering tussen die Raad van die RTS-Heidelberg met kollegas van die CRTS.

Die deelname namens die Vrye Gereformeerde Kerke in Duitsland (*SERK Deutschland – Selbständig Evangelisch-Reformierte Kirchen in Deutschland*) as waarnemer aan die ICRC (*International Conference of Reformed Churches*) in Oktober in Windhoek, Namibië, was nie net 'n voorreg nie maar ook 'n gulde geleentheid. Die toeligting oor die sending en kerklike situasie in Duitsland aan die hele konferensie het ook ruimte gelaat om iets meer oor die RTS Heidelberg te berig. Dít het onder andere gelei tot verskillende vrugbare gesprekke met verteenwoordigers van ander seminaries oor die wêreld heen. Daarbenewens was daar ook by verskillende geleenthede in die afgelope jaar goeie kontak met ander gereformeerde teologiese instellings, veral in die Anglo-Saksiese wêreld maar ook in Nederland en Oos-Europa – alles baie positief vir die verdere vestiging en opbou van die RTS Heidelberg. Veral die samewerking met ERSU (*Evangelical Reformed Seminary of Ukraine*) in Kiëf, Oekraïne, is van groot betekenis vir ons. Ons volhard in ons voorbidding vir hulle en al die broers en susters in die geloof sowel as almal in Oekraïne in hierdie tyd van brutale, ongeregverdigde oorlogvoering deur Poetin; só ook vir mense in ander oorlogsgebiede in die wêreld.

In groot dankbaarheid teenoor die Here en met die eer aan Hom alleen (*soli Deo gloria*) kon ons vanjaar die tienjarige bestaan van die RTS Heidelberg herdenk, 2012 – 2022:

- Die opening van die nuwe akademiese jaar op 29 Oktober 2022 het as sentrale herdenking gedien.
- Die oordenking by hierdie geleentheid is waargeneem deur ds. Sebastian Heck van die Gereformeerde Kerk Heidelberg met 2 Timotheus 3:16-4:2 as teksgedeelte. In sy oordenking het ds. Heck eksegeties begrond hoe die Heilige Skrif as die lewende Woord

van God (2 Tim. 3:16-17) direk verband hou met die roeping tot getroue volharding deur die prediker (2 Tim. 4:1-2) en wat die konsekwensies van hierdie verbinding vir die bediening van die Woord is.

- Ons was by dieselfde geleentheid ook bevoorreg dat die jarelange voorsitter van die Raad van die RTS Heidelberg, prof. dr. Hans Maris, bereid was om die feesvoordrag te lewer. Sy geesdriftige voordrag, *Om te dien in die Liggaam van Christus (Dienen im Leib Christi)*, waarin prof. Maris diens in die kerk van Christus toegelig het – begrend deur en gerig op Christus alleen – het almal teenwoordig meegesleur en was ook direk op *YouTube* toeganklik. Belangstelling uit die buiteland het ons genoop om ook 'n Engelse vertaling van die teks, *Serving in the Body of Christ*, op die RTS-webwerf beskikbaar te stel.

- Groeteboodskappe en woorde van gelukwense aan die RTS Heidelberg by die tienjarige jubileum is ontvang van

Prof. dr. Jason Van Vliet (CRTS, Kanada)

Alister Torrens (ERSU, Ukraine)

Dr. Bernhard Kaiser (IRT, *Institut für Reformatorische Theologie* en namens die gasdosente)

Ds. René van der Wolf (GKN en AvGT, *Academie vir Gereformeerde Theologie*, Nederland)

Prof. dr. Heon Soo Kim (*Independent Reformed Theological Academy*, Suid-Korea)

- Die tweede uitgawe van die wetenskaplike teologiese tydskrif, *RThZ (Reformatorisch Theologische Zeitschrift)*, met bydraes oor “Luther as Protestantse kategeet” deur prof. dr. Udo Kern en oor “gereformeerde perspektiewe op ’n multi-godsdienstige wêreld” deur drs. Jos Colijn is ook in Oktober by die opening van die akademiese jaar amptelik bekendgestel en oorhandig.

Vir hierdie oorgangstyd na die nuwe jaar wil ons almal verbonde aan die RTS Heidelberg, ook namens ons Raad, u die ryke seën van ons Here toebid. Mag ons werksaamhede alles in die sin van Psalm 103:1 tot lof van die HERE wees.

Ons opregte dank en waardering aan alle kerke, individue en instansies wat die sendingwerk in die Duitssprekende wêreld deur gebede en ook ander konkrete ondersteuning dra. Sonder u ondersteuning sou die werk onmoontlik wees.

Met hartlike groete in Christus,



Victor E. d'Assonville



DR. THEOL. VICTOR E. D'ASSONVILLE

+49 (0) 175 506 3249

VICDAS@RTSONLINE.DE

WWW.RTSONLINE.DE

Rekeninggegewens vir bydraes/ondersteuning:

Vanuit SA
VSOD (*Vereniging vir Sending onder Duitssprekendes*)
Bank: ABSA
Tak: Ben Swart Str.
Rekeningnr: 93 1760 4596
Verwysing: VSOD
Navrae: hawilcocks@gmail.com

Vanuit die VSA:
Account information for supporting from the USA:
Checks should be made out to *Providence Reformed Church*
and sent to
Providence Reformed Church
245 East Vine Street
Lodi, CA 95240
(with a notation that *the funds are intended for "Mission2Germany"*)
jerrylynette@msn.com

Vanuit Kanada
Account information for supporting from Canada:
• All cheques need to be made payable to *Action International Ministries*.
• When the cheques are sent to AIM there should be a note on a separate piece of paper to say that the cheque is for
Reformed Theological Seminary, Heidelberg.
• You may donate by credit card by calling the AIM office (403-204-1421 or 1-888-443-2221).
• You may also set up re-occurring giving by calling AIM.
• Please send cheques to:
Helen Thompson, Bookkeeper
Action International Ministries Corporation
3015A 21 Street NE
Calgary AB T2E 7T1
• e-transfers can be sent to: helen.thompson@actioncanada.org

Vanuit Engeland/die Verenigde Koninkryk
Account information for supporting from the UK:
Go to <https://www.give.net/20195959> – there you will be able to set up one-off or monthly support and receive tax
benefits (via “Stewardship”).
Please do not hesitate to contact Stewardship at
Stephen Moss | Stewardship | Tel +44 (0)20 8502 8560 giving@stewardship.org.uk

Vanuit Duitsland
Account information for supporting from Germany:
RTS – Reformatorisch-Theologisches Predigerseminar e.V.
Bank: Volksbank Hannover
IBAN DE57 2519 0001 0654 7540 00
BIC VOHA DE 2HXXX
info@rtsonline.de

Vanuit Nederland
Rekeningnummer t.n.v. St. Vrienden RTS:
IBAN NL91ABNA0547580800
Stadsmolen 15, 3146 CC Maassluis, tel. +33 (0)6 15421158